


# Tjokkiebrief

Kw. 3 NUUSBRIEF 2
16 Augustus 2024

Tjokkies Preprimêr
051-5223628

## Baie Dankie!



Baie het al in hierdie kwartaal gebeur, waarvan die Tjokkie "Lympic's 'n heerlike geleentheid was. Die kleuters het soos sterre deelgeneem en daarmee nog 'n treetjie nader aan skoolgereedheid gegee. Tjokkies was ook op die lug by Radio Rosestad se ateljee en die personeel het by McDonald's gewerk! Baie dankie vir u as ouers se ondersteuning met al ons Tjokkie projekte.

## Skooltye



**Ons versoek u om asseblief die skooltye te respekteer. Alle kleuters moet asseblief vóór 8 by die skool wees. Namiddae mag die klokkie eers vanaf 15:10 gelui word. Baie dankie vir u begrip.**

## LENTEDAG



**Op Vrydagoggend, 30 Augustus verwelkom die kleuters die Lente met 'n Lentegogga-piekniek!**

**Trek aan:** *Vrolike lente-drag en gogga-voelers (Tuisgemaakte voelers kan oulik wees)*

**Bring saam:** *1. Piekniekle kkernye*
*2. 'n Geskenkie vir die tuin*

**Ons Tjokkietuin is ons trots! Om die tuin weer nuwe lewe te gee, help dit baie as elkeen iets bydrae in die vorm van saailinge, plantjies uit u eie tuin, vetplante of 'n tuin-koevertjie met 'n donasie vir die aankoop van ander tuin-benodighede.**



Lente is lekker!

## Akademie

**Akademie is vir ons baie belangrik in die derde kwartaal. Haakplekke moet aangespreek word en skoolgereedheidstoetse lig aspekte uit wat aandag benodig. Dit is ook 'n goeie tyd om sig- of gehoortoetse te laat doen, veral as u kommer in hierdie verband ervaar.**

**Om spesifieke ontwikkelingsareas in te skerp het ons 'n akademiese tema-week gehou om leer lekker te maak: Mannetjie Maandag, Dans Dinsdag, Wiskunde Woensdag, Dotty Donderdag en Verf-Vrydag. Om die tema na die naweek uit te brei wens ons vir elke gesin 'n Skaterlag Saterdag en 'n Stilwees Sondag toe.**



## Doelwitte

As ons weer sien, is die jaar op sy einde. Die doelwitte vir kwartaal 3 en 4 wat u ontvang het, is 'n riglyn van wat u kleuter nog moet bemeester voordat hy/sy skool toe gaan. Plaas dit vir uself op 'n sigbare plek en gee gereeld daaraan aandag. Leer touspring en veters vasmaak is baie belangrik vir elke Graad R kleuter!

# Terreinwerkdag




Saterdag, 31 Augustus is Terreinwerkdag. Terreinkomitee ouers moet asseblief hierdie dag oophou om ons tuin op te knap, apparaat vir veiligheid na te gaan, herstelwerk te doen en nuwe plantjies te plant.

***Dankie vir jul Lente-gees en groen vingers!***

## Klasfoto's

**Klasfoto's word op Donderdag, 12 September geneem. Almal word afgeneem, u ontvang die klasfoto gratis. Tjokkie Somersdrag is verpligtend vir die foto's.**



## SKOOL SLUIT

Die skool sluit op Vrydag, 20 September om 10h00.




## Verwelkomingsdag

Die Verwelkomingsdag vir nuwe kleuters en ouers vir 2025 vind plaas op Vrydag, 6 September 2024. Soos ons verlede jaar vir u en u kleuter die klassies en terrein spesiaal voorberei het, wil ons dit ook vir volgende jaar se nuwe kleuters doen. Hierdie voorbereiding kan nie gedoen word terwyl die kleuters by die skool is nie. Ons vra dus dat ons huidige kleuters nie op hierdie dag skool toe kom nie. Indien u géén sorg vir u kleuter het nie, kontak asseblief vir Sanet by die kantoor of Juffrou Elsabé, vir 'n opsie wat vir noodgevalle beskikbaar is.

***Baie dankie vir u begrip!***








# Wys en Vertel

"Wys-en-vertel" is 'n lekker en leersame aktiwiteit. Dit het egter 'n bietjie ouerleiding nodig. Lees asseblief die onderstaande deeglik deur om uself te vergewis van wat dit behels.




## Kom ons Wys en vertel!!

Dit is vir die kleuters baie lekker om iets vir die maatjies te kom wys en iets daaroor te vertel. Party is nog 'n bietjie skaam, ander wil weer die hele tyd vertel. Daarom moet ons dit so 'n bietjie organiseer. Dit is amper soos 'n "mondeling" van die grootskool-maats, maar geen punte word toegeken nie en geen plakkate word benodig nie. Elke kleuter gaan slegs één beurt kry om iets konkreets te kom wys en vertel. Die rooster sal deur elke klasjuffrou aan u deurgegee word. Dit begin vanaf Dinsdag, 20 Augustus, vir die verloop van die kwartaal.

**LET OP:**

- Die item waaroor vertel gaan word, moet verkieslik in die Tjokkiesak pas.
- Geen speelgoed, lewende hawe, troeteldiere of duur, waardevolle óf gevaarlike items mag saamgebring word nie.
- Kies iets uit die huis of tuin wat kleuters sal interesseer.
- Hou by die kleuter se eie woorde en gee slegs leiding rondom die feite.

Daar was al in die verlede die oulikste vertellings van pampoenpitte tot verestoffers.



*Die hele vertelling moenie langer as 2 tot 3 minute neem nie!*

Hierdie is 'n belangrike deel van die kleuters se ontwik-keling. Dit leer hulle om inligting en ware feite te bedink en weer te gee. Dit bou selfvertroue en leer hul ook om te luister en respek te hê vir 'n ander se vertelling. Juffrou is deurentyd daar om te help of moed te gee waar nodig.

*Ons sien daarna uit om te kyk én luister na die wys en vertel!*